Organisasies met buitelandse laste en/of bates in die vorm van eienaarskapitaal of langtermynlenings, is geïdentifiseer deur middel van die Reserwebank se bestaande steekproef en ander toepaslike bronne wat in die Bank beskikbaar was. Omvattende vraelyste wat 'n volledige stel finansiële rekeninge verlang het, is aan dié organisasies gestuur. Die inligting wat in die vraelyste vereis is, het hoofsaaklik bestaan uit 'n onderverdeling van die respondenten se inkomstestate volgens transaksies met buitelanders en inwoners van Suid-Afrika en van hulle balansstate volgens uitstaande laste teenoor en eise op buitelanders en inwoners van Suid-Afrika.

Verskeie ander bronne is aangewend om organisasies en individue te identifiseer met buitelandse korttermynlaste en/of -bates wat ontstaan het uit die invoer en/of uitvoer van goedere en dienste. Minder omvattende vraelyste is aan organisasies en individue in hierdie kategorie gestuur. Hoewel hierdie vraelyste minder gedetailleerd was, is daar van die respondenten verwag om aan te dui of hulle enige buitelandse bates en/of laste gehad het in die vorm van buitelandse aandeelhouding, ander lenings vanaf buitelanders of beleggings in ander lande. Wanneer die antwoord bevestigend was, is 'n omvattende vraelys ook aan dié betrokke respondent gestuur.

Vraelyste is ook aan individue, aandelemakelaars, eiendomsagente, genomineerde maatskappye (met aandele wat in hulle naam geregistreer is, maar wat deur nie-inwoners besit is) en finansiële instellings soos depositonemende instellings, versekeraars, pensioenfondse, effektetrusts en deelnemingsverbandskemas

gestuur. Die adresse van individue met buitelandse transaksies, laste en bates was nie altyd geredelik beskikbaar nie. Die depositonemende instellings was egter hulpvaardig met die vasstelling van heelwat onbekende adresse. Ongeveer 75 000 vraelyste is uiteindelik vir voltooiing aan respondentie gestuur.

Waardasie- en tydsansuiwering

Vir die doeleindes van die 1989-sensus, is dieselfde waardasiemetodes as in die 1980-sensus gebruik.

Gewone aandele met 'n belang in wins en reserwes, is op grond van netto waarde gewaardeer, dit wil sê 'n gedeelte van die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van Suid-Afrikaanse ondernemings is aan die buitelandse aandeelhouers in verhouding tot hulle persentasie-aandeel in die nominale waarde van totale aandelekapitaal toegedeel. Ten einde fiktiewe boekwaardes van reserwes en onverdeelde wins te vermy, is die reserwes aangepas om die verskil tussen die marken boekwaardes van die grond, geboue en konstruksiewerke en van die verskil tussen die netto waarde en boekwaarde van beleggings in gewone aandele van buitelandse ondernemings in aanmerking te neem. Dieselfde waardasieprocedure is gevvolg in die geval van Suid-Afrikaanse inwoners se belegging in buitelandse aandelekapitaal. Vanweë die probleme wat ondervind is met die verkryging van inligting ten opsigte van die markwaardes van bates wat deur buitelandse organisasies besit is, kon aanpassings nie aan die boekwaardes van hul grond, geboue en ander beleggings gemaak word nie.

Plase en ander vaste eiendom is teen geraamde markpryse gewaardeer. Alle ander buitelandse bates en laste is teen boekwaardes gewaardeer.

Verslaggewende organisasies en persone is versoek om alle buitelandse laste en bates wat in buitelandse geldeenheid gedenomineer is, behalwe dié waarvoor termynvalutadekking gereel is, in rand om te skakel teen die middelmarkwisselkoerse aan die einde van 1989. In gevalle waar bates en laste deur termynvalutakontrakte gedek is, is die respondentie versoek om die kontrakoers te gebruik vir die omskakeling van die betrokke bedrae in buitelandse valuta na rand. Die waardasie van buitelandse bates en laste in terme van Suid-Afrikaanse rand beteken dat die veranderings in uitstaande bedrae op verskillende datums nie net die "werklike" veranderings in die netto resultaat van nuwe beleggings en onttrekking van beleggings of nuwe lenings aangegaan en lenings afgelos weerspieël nie, maar ook veranderings in die wisselkoers van die rand. Waardasieansuiwerings wat uit wisselkoersveranderings ontstaan bemoeilik vergelykings oor veranderings in die uitstaande bedrae teen die verskillende jaareindes.

Die tydstip waarop transaksies in finansiële eise beskou word om plaas te gevind het, is ook van belang in die aantekening van bates en laste. In ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale

Monetêre Fonds, is die prosedure in die sensus aanvaar om 'n transaksie op die tydstip aan te teken wanneer die krediteur en debiteur onderskeidelik die eis en las in hulle boeke aanteken. Alle buitelandse transaksies is vir die kalenderjaar 1989 bereken, terwyl die waardes van die uitstaande buitelandse laste en bates soos op 31 Desember 1989 bepaal is. In die samestelling van Suid-Afrika se buitelandse belegging was inligting ten opsigte van die aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins van buitelandse organisasies nie altyd vir die einde van die kalenderjaar beskikbaar nie, en moes die inligting aan die einde van die naaste finansiële jaar aanvaar word.

Begrippe en definisies

Die begrippe en definisies wat in hierdie sensus gebruik is, is gebaseer op internasionale standaarde wat deur die Internasionale Monetêre Fonds in sy *Betalingsbalanshandleiding* neergelê is en wat effens vir Suid-Afrikaanse toestande aangepas is.

1. Binnelandse gebied

Suid-Afrika se "binnelandse gebied" is vir die doeleindes van hierdie sensus gedefinieer as bestaande uit die Republiek van Suid-Afrika en die onafhanklike en die selfregerende nasionale state. Die term "Suid-Afrika" word in hierdie verslag gebruik om hierdie gebied te beskryf.

2. Inwoner van Suid-Afrika

'n Inwoner van Suid-Afrika is gedefinieer as:

- 'n individu wat woon, of van plan is om te woon, of wat sy hoofkwartier maak in Suid-Afrika vir 'n tydperk van twaalf opeenvolgende maande of langer;
- 'n organisasie wat in Suid-Afrika sake doen, uitsluitende enige buitelandse diplomatieke of militêre sending of verteenwoordiger in Suid-Afrika; en
- 'n Suid-Afrikaanse ambassade of konsulaat in die buiteland.

In die geval van individue is die bedoeling dat die begrip inwoner alle persone sal insluit wat nie op 'n tydelike basis in Suid-Afrika woonagtig is nie. Hierdie individue word geag om hulle sogenaamde "belanggebied" in Suid-Afrika te hê. In besonder sluit die inwoners van Suid-Afrika alle persone in wat binne die binnelandse gebied van Suid-Afrika woonagtig is, behalwe trekarbeiders, toeriste, bemanningslede van skepe of vliegtuie en amptelike diplomatieke en konsulêre verteenwoordigers.

Organisasies wat in Suid-Afrika sake doen, sluit in die openbare owerhede, openbare korporasies, maatskappye, takke, nie-geïnkorporeerde ondernemings, boedels, trusts en nie-winssoekende organisasies wat met die produksie van goedere en dienste binne die gebied van Suid-Afrika gemoeid is, selfs al word hulle deur buitelanders besit. Die definisie van 'n onderneming in terme van die gebied waarin dit geleë is, maak dit dikwels

noodsaaklik om 'n enkele regspersoon (bv. 'n moedermaatskappy wat in een land sake doen en sy nie-geïnkorporeerde tak in 'n ander land) in twee of meer afsonderlike ondernemings te verdeel. Internasionale kontrakteurs wat kontrakwerk in minder as een jaar in Suid-Afrika voltooi, word as nie-inwoners beskou, maar as die konstruksietydperk langer is word hulle as inwoners van Suid-Afrika beskou. In ooreenstemming met die beginsels wat deur die Internasionale Monetêre Fonds neergelê is, moet alle laste en bates van agente wat namens buitelandse prinsipale optree, as buitelandse laste en bates beskou word.

3. Buitelandse bates

Buitelandse bates sluit die volgende bates, wat deur inwoners van Suid-Afrika besit word, in:

- aandele- en ander eienaarskapitaal in buitelandse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- finansiële en ander eise teen buitelanders, insluitende eise teen buitelandse bankinstellings en effekte uitgereik deur buitelandse overheidsliggamme;
- buitelandse papiergeld en munt;
- vaste eiendom en plase, insluitende verbeterings, geleë in die buiteland;
- voorrade en ander fisiese bates geleë in die buiteland (Suid-Afrikaanse goedere in transito word as binnelandse bates beskou);
- versekeringspolisse uitgereik deur versekeringsorganisasies wat buitelandse inwoners is;
- huurkontrakte, konsessies en grond- of minerale regte in die buiteland; en
- patente, handelsmerke en soortgelyke regte aan buitelanders toegestaan.

4. Buitelandse laste

Buitelandse laste sluit die volgende binnelandse bates in wat deur buitelanders besit word:

- aandele- en ander eienaarskapitaal in Suid-Afrikaanse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- finansiële en ander eise teen inwoners van Suid-Afrika, insluitende eise teen Suid-Afrikaanse depositonemende instellings en effekte uitgereik deur overheidsliggamme van Suid-Afrika;
- papiergeld en munt van Suid-Afrika;
- vaste eiendom en plase, insluitende verbeterings, geleë in Suid-Afrika;
- voorrade en ander fisiese bates in Suid-Afrika geleë;
- versekeringspolisse uitgereik deur versekeringsorganisasies wat inwoners van Suid-Afrika is;
- huurkontrakte, konsessies en grond- of minerale regte in Suid-Afrika; en
- patente, handelsmerke en soortgelyke regte aan inwoners van Suid-Afrika toegestaan.

5. Regstreekse belegging

By die opname en ontleding van buitelandse laste en bates is dit belangrik om tussen regstreekse belegging en

ander belegging te onderskei vanweë die verskille in die besluite wat tot hierdie verskillende soorte beleggings aanleiding gee. In die geval van regstreekse belegging bestaan daar 'n besondere verwantskap tussen die transakteurs wat geassosieer kan word met die vermoë van een entiteit om 'n aanmerklike invloed op 'n ander entiteit in 'n ander land uit te oefen. Die voordele wat regstreekse beleggers verwag om van hul belegging te verkry, verskil van die verwagtings van ander beleggers. Hulle is in die posisie om nie net inkomte op die kapitaalbelegging te ontvang nie, maar om ook ander voordele te verkry, soos bestuursfooie, die uitbreiding van markte of die beveiliging van grondstofbronne. In teenstelling hiermee, word portefeuillebeleggers hoofsaaklik gemotiveer deur beweegredes soos inkomme-opbrengs, kapitaalappreciasie, bemarkbaarheid, belastingvoordele en die veiligheid van die kapitaal.

Dit is moeilik om die grens tussen regstreekse en onregstreekse belegging vas te stel. In ooreenstemming met die *Betalingsbalanshandleiding* word 'n sekere mate van die besit van eienaarsbelang bykans altyd geag om met 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van 'n onderneming gepaard te gaan. Hierdie maatstaf word hoofsaaklik gebruik om regstreekse belegging in Suid-Afrika te definieer, maar voorsiening word ook gemaak vir ander metodes waarvolgens buitelanders 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van Suid-Afrikaanse ondernemings kan bekom.

Belegging deur buitelanders in Suid-Afrikaanse ondernemings word as regstreekse belegging beskou as dit die volgende behels:

- besit van 'n tak of deelname van buitelanders in 'n vennootskap in Suid-Afrika;
- eienaarskap van ten minste 25 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika deur een buitelandse inwoner of verskeie geaffilieerde buitelandse inwoners;
- eienaarskap van ten minste 50 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika deur verskeie inwoners van 'n enkele buitelandse land; en
- eienaarskap van minder as 25 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika, as die buitelandse inwoners nogtans in staat is om 'n effektiewe seggenskap in die beleid van die organisasie uit te oefen, byvoorbeeld kragtens tantième- en bestuursooreenkomste.

Volgens hierdie beskrywing kan nie-inwoners dus afsonderlik minder as 25 persent van die stemreg in 'n Suid-Afrikaanse organisasie besit, maar nogtans beskou word om 'n regstreekse belegging te gemaak het indien hulle geaffilieerde organisasies en/of persone is wat gesamentlik ten minste 25 persent van die stemreg besit. Geaffilieerde organisasies en/of persone sluit in:

- getroude pare, hulle direkte voorouers, en hulle kinders;
- broers en susters;
- boedels en trusts, en hulle begunstigdes; en

- met betrekking tot 'n bepaalde organisasie, alle ander organisasies of persone in dieselfde land wat elkeen ten minste 10 persent van die stemdraende aandele, of vergelykbare eiendomsreg, van eersgenoemde organisasie besit.

Die regstreekse beleggingskapitaal is beperk tot die kapitaal wat deur die regstreekse belegger voorsien is, het sy regstreeks of deur middel van ander ondernemings wat aan die betrokke belegger verwant is. Dit sluit alle kapitaal in wat deur die regstreekse belegger voorsien is, dit wil sê eienaarskapitaal, herbelegde winste wat aan die regstreekse belegger toegeskryf is, langtermynleningskapitaal, enige ander vorm van langtermynkapitaal en korttermynkapitaal.

Insgelyks verwys Suid-Afrikaanse regstreekse belegging in ander lande na die belegging in buitelandse takke van Suid-Afrikaanse ondernemings, deelname in vennootskappe, belegging in buitelandse ondernemings waarin Suid-Afrikaanse inwoners 25 persent of meer van die stemdraende aandele besit, of waar hulle 'n effektiewe seggenskap in die beleid van buitelandse ondernemings by wyse van ander ooreenkoms uitvoer. Vanweë probleme wat met die insameling van die inligting ondervind is, was dit egter nie altyd moontlik om die gesamentlike regstreekse belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland vas te stel nie, veral nie waar die Suid-Afrikaanse inwoners afsonderlik minder as 10 persent van die totale stemreg in 'n buitelandse onderneming besit het nie.

6. Onregstreekse belegging

Onregstreekse belegging verwys na alle buitelandse laste en bates wat nie by regstreekse belegging ingesluit is nie.

7. Openbare owerhede

Openbare owerhede sluit in die Sentrale Regering (insluitende Telkom SA Beperk, die Suid-Afrikaanse

Poskantoor Beperk en Transnet Beperk), die onafhanklike en die selfregerende nasionale state en plaaslike owerhede.

8. Openbare korporasies

Openbare korporasies is organisasies wat deur 'n wet van die Parlement as openbare korporasies ingelyf is, soos byvoorbeeld Eskom en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk (NOK), die volfiliale van openbare korporasies, landboubeheerraude en maatskappye wat deur die regering deur middel van aandeelhouding, stemreg of die aanstelling van die meerderheid van die raad van direkteure beheer word.

9. Monetêre sektor

Die monetêre sektor sluit in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Korporasie vir Openbare Deposito's, Posspaarbank, Land- en Landboubank van Suid-Afrika, onderlinge bouverenigings en depositonemende instellings.

10. Nie-monetêre-private sektor

Die nie-monetêre-private sektor het betrekking op alle persone en organisasies wat nie by die algemene owerhede, monetêre sektor of openbare korporasies ingesluit is nie.

11. Langtermynkapitaal

Langtermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates met 'n onbepaalde looptyd of met 'n oorspronklike vaste looptyd tot aflossing van twaalf maande of langer. Hierdie onderskeid is in ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds. Indien 'n las of 'n bate oorspronklik as langtermyn geklasifiseer is, word dit altyd as langtermyn beskou selfs nadat die uitstaande aflossingstermyn minder as een jaar geword het.

Persentasie-aandeel van die hoofgroep van buitelandse laste

	Aan die einde van		
	1956	1973	1980
Aandelekapitaal	23,1	10,4	6,8
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	38,2	44,5	42,7
Saldo's van takke en vennootskappe	3,0	2,0	0,7
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	4,4	4,2	4,1
Verbande en langtermynlenings	15,1	20,6	25,7
Ander langtermynkapitaal	0,4	1,1	1,3
Totale langtermynlaste.....	84,2	82,8	81,3
Korttermynlaste	15,8	17,2	18,7
Totale buitelandse laste.....	100,0	100,0	100,0

12. Korttermynkapitaal

Korttermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates wat op aanvraag betaalbaar is of met 'n oorspronklike vaste looptyd van minder as twaalf maande.

13. Nywerheidsklassifikasie

Vir die doeleindes van hierdie vierde sensus is organisasies geklassifiseer volgens nywerheidsektor op grond van die Standaardnywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywighede soos deur die Sentrale Statistiekdiens opgestel.

Die resultate van die 1980-sensus (die derde sensus) is ook op hierdie grondslag geklassifiseer. Albei sensusse dek alle buitelandse bates en laste van Suid-Afrika, en is gevvolglik vergelykbaar.

Buitelandse laste

Die resultate van die vierde sensus toon dat die totale buitelandse laste van Suid-Afrika aan die einde van 1989 R86,4 miljard bedra het, vergeleke met R25,5 miljard aan die einde van 1980, R10,4 miljard aan die einde van 1973 en R2,7 miljard aan die einde van 1956. Die gemiddelde jaarkoers van toename in buitelandse laste het verder van ongeveer 10 persent in die tydperk van 31 Desember 1956 tot 31 Desember 1980 tot 14½ persent in die tydperk van die einde van 1980 tot

31 Desember 1989 versnel. Hierdie versnelling was veral opmerklik in die geval van obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite en korttermynlaste teenoor nie-inwoners. Buitelandse laste het egter as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk van 54 persent aan die einde van 1973 tot 37 persent aan die einde van 1989 afgeneem.

Soos in die bygaande tabel aangedui word, het Suid-Afrika se buitelandse laste aan die einde van 1989 hoofsaaklik uit langtermynlaste bestaan. Hierdie laste wat matig van 84 persent van totale buitelandse laste aan die einde van 1956 tot 81 persent aan die einde van 1980 afgeneem het, het vervolgens aansienlik tot ongeveer 66 persent van die totale buitelandse laste aan die einde van 1989 gedaal. Ná 'n geleidelike toename van 16 tot 19 persent van die einde van 1956 tot die einde van 1980, het die aandeel van buitelandse korttermynlaste skerp toegeneem tot bykans 35 persent van totale buitelandse laste op 31 Desember 1989.

Die daling in die aandeel van langtermynlaste teenoor buitelanders was oorwegend die resultaat van 'n afname in die relatiewe belangrikheid van aandelekapitaal, aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins (eienaarskapitaal) van bykans 50 persent aan die einde van 1980 tot 26,8 persent aan die einde van 1989, terwyl die aandeel van obligasies en soortgelyke sekuriteite in die besit van nie-inwoners toegeneem het. Ondanks die

Komponente van buitelandse regstreekse en onregstreekse belegging in Suid-Afrika

	1980 R miljoene	Persentasie- aandeel	1989 R miljoene	Persentasie- aandeel
Regstreekse belegging				
Langtermyn.....	10 623	86,3	17 774	86,9
Aandelekapitaal	1 435	11,6	2 212	10,8
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	8 165	66,3	13 887	67,9
Saldo's van takke en vennootskappe.....	191	1,6	149	0,7
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite..	95	0,8	10	0,1
Verbande en langtermynlenings	732	5,9	1 324	6,5
Ander.....	5	0,1	192	0,9
Korttermyn	1 690	13,7	2 685	13,1
Totale buitelandse regstreekse belegging.....	12 313	100,0	20 459	100,0
Onregstreekse belegging				
Langtermyn.....	10 099	76,7	38 856	58,9
Aandelekapitaal	296	2,3	255	0,4
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	2 722	20,7	6 889	10,4
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite..	939	7,1	10 108	15,3
Verbande en langtermynlenings	5 826	44,2	21 557	32,7
Ander.....	316	2,4	47	0,1
Korttermyn	3 073	23,3	27 107	41,1
Totale buitelandse onregstreekse belegging	13 172	100,0	65 963	100,0

Persentasie-aandeel van buitelandse regstreekse en onregstreekse belegging in Suid-Afrika

	1956	1973	1980	1989
Regstreekse belegging..	50,0	54,0	48,3	23,7
Onregstreekse belegging.....	50,0	46,0	51,7	76,3
Totale buitelandse laste	100,0	100,0	100,0	100,0

daling in die aandeel van eienaarskapitaal in die besit van nie-inwoners, het hierdie aandeel in waarde bykans verdubbel van R12,6 miljard op 31 Desember 1980 tot R23,2 miljard op 31 Desember 1989. Die aandeel van die ander belangrike komponent van buitelandse langtermynlaste, naamlik verbande en langtermynlenings, het effens van 25,7 persent van totale buitelandse laste aan die einde van 1980 tot 26,5 persent aan die einde van 1989 toegeneem; in waarde het dit van R6,6 miljard tot bykans R23 miljard gestyg.

Gedurende die tagtigerjare het 'n belangrike verskuiwing in die samestelling van buitelandse laste van regstreekse na onregstreekse belegging plaasgevind. Soos in die bygaande tabel aangedui word, het die aandeel van regstreekse belegging deur buitelanders in die totale buitelandse laste van 50 persent aan die einde van 1956 tot ongeveer 24 persent aan die einde van 1989 gedaal. Langtermyneienaarskapitaal van regstreekse beleggers was op 31 Desember 1989 vir bykans 80 persent van die totale buitelandse regstreekse belegging verantwoordelik.

As gevolg van die disinvestering deur buitelanders, het die relatiewe aandeel van onregstreekse belegging gedurende die tagtigerjare teen 'n vinnige koers toege-

neem; die verhouding van buitelandse onregstreekse belegging tot die totale buitelandse laste het skerp van 52 persent aan die einde van 1980 tot 76 persent aan die einde van 1989 toegeneem. Hierdie styging het saamgeval met 'n skerp toename in die aandeel van onregstreekse korttermynlaste teenoor nie-inwoners in die totale buitelandse onregstreekse belegging, naamlik van 23 persent aan die einde van 1980 tot 41 persent aan die einde van 1989.

Buitelandse belegging in die nie-monetêre-private sektor in Suid-Afrika het R44 miljard aan die einde van 1989 bedra, vergeleke met R18,2 miljard aan die einde van 1980. Die aandeel van die nie-monetêre-private sektor in die totale buitelandse laste het nietemin aansienlik van 71 persent aan die einde van 1980 tot 51 persent aan die einde van 1989 afgeneem. Die gesamentlike aandeel van openbare owerhede, die monetêre sektor en openbare korporasies het in dieselfde tydperk skerp gestyg, hoofsaaklik vanweë 'n skerp toename in buitelandse belegging in die effekte van die openbare sektor en 'n styging in die buitelandse korttermynlaste van die monetêre sektor.

'n Onderverdeling van die buitelandse belegging in Suid-Afrika volgens tipe ekonomiese bedrywigheid aan die einde van 1989 dui daarop dat 71 persent van die totale buitelandse belegging in vier sektore gekonsentreer was, naamlik fabriekswese; elektrisiteit, gas en water; finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste; en gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste. Die sektore mynbou en steengroewery; groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie; en vervoer, opberging en kommunikasie was vir 28 persent van totale buitelandse belegging verantwoordelik, terwyl die buitelandse belegging in die sektore landbou, bosbou en vissery; konstruksie; en individue en organisasies nie elders ingesluit nie, relatief klein was.

Die lande van die Europese Gemeenskap was steeds

Persentasie-aandeel van die hoofgroep van buitelandse bates, uitsluitende die goudreserwes

	1956	1973	1980	Aan die einde van 1989
Aandelekapitaal	15,0	11,4	7,3	3,8
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	9,7	26,6	30,4	63,8
Saldo's van takke en vennootskappe	6,6	0,3	0,5	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	5,2	0,9	1,2	0,2
Verbande en langtermynlenings.....	5,9	9,7	14,8	10,3
Ander langtermynkapitaal	17,4	11,8	10,6	0,2
Totale langtermynbates	59,8	60,7	64,8	78,3
Korttermynbates.....	40,2	39,3	35,2	21,7
Buitelandse bates, uitsluitende die goudreserwes.....	100,0	100,0	100,0	100,0

vir die grootste deel van die buitelandse belegging in Suid-Afrika verantwoordelik, maar hulle aandeel in Suid-Afrika se buitelandse laste het afgeneem van 71 persent aan die einde van 1956 tot 58 persent aan die einde van 1980 en tot bykans 50 persent aan die einde van 1989. Oor dieselfde tydperk het 'n ooreenstemmende toename voorgekom in die aandeel van ander Wes-Europese lande, asook in die persentasie-aandeel van lande in Noord- en Suid-Amerika en Asië.

Buitelandse bates

Die totale buitelandse bates van Suid-Afrika, insluitende die goudreserwes, het R51,2 miljard aan die einde van 1989 bedra, vergeleke met R13,3 miljard aan die einde van 1980, R3,4 miljard aan die einde van 1973 en R0,8 miljard aan die einde van 1956. Ná 'n toename teen 'n gemiddelde jaarkoers van 21½ persent gedurende die periode 1973 tot 1980, het die koers van toename in Suid-Afrika se buitelandse bates tot 16 persent gedurende die periode 1980 tot 1989 afgeneem. Die totale buitelandse bates as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het egter van 18 persent aan die einde van 1973 tot 22 persent aan die einde van 1989 toegeneem. Van die einde van 1980 tot die einde van 1989 het die waarde van die goudreserwes afgeneem van R4 854 miljoen tot R2 883 miljoen en sy aandeel van die totale buitelandse bates van 36 persent tot 6 persent. Indien die goudreserwes van die buitelandse bates uitgesluit word, het die gemiddelde jaarkoers van toename in die ander buitelandse bates van die land 21 persent in die tydperk van 31 Desember 1980 tot 31 Desember 1989 bedra; hierdie koers van toename was merkbaar hoër as die ooreenstemmende gemiddelde jaarkoers van toename van 17 persent sedert die einde van 1973 tot die einde van 1980.

Aan die einde van 1989 het die nie-monetêre-private sektor R39,3 miljard, of 81 persent van die buitelandse bates (uitsluitende die goudreserwes) besit. Hierdie aandeel was opmerklik hoër as die 71 persent aan die

einde van 1980. Die grootste deel van die nie-monetêre-private sektor se buitelandse belegging het uit eienaarsskapitaal in buitelandse ondernemings bestaan.

'n Merkbare verskuiwing van buitelandse onregstreekse na regstreekse belegging het ook gedurende die tagtigerjare plaasgevind. Aan die einde van 1989 het die regstreekse belegging in buitelandse ondernemings 69 persent van die buitelandse bates beloop, (uitsluitende die goudreserwes) vergeleke met 50 persent aan die einde van 1980. Soos in die lig van die bestaande buitelandse valutabeheermaatreëls verwag kan word, is die buitelandse regstreekse belegging hoofsaaklik in die besit van die nie-monetêre-private sektor in die vorm van eienaarsskapitaal gewees. Soos in die verlede is die buitelandse onregstreekse belegging hoofsaaklik in die vorm van langtermynkapitaal en korttermynbates gehou wat ontstaan het as gevolg van buitelandse handelsaktiwiteite.

'n Klassifikasie van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens geografiese gebied (uitsluitende die goudreserwes), dui daarop dat die aandeel van bates wat in die EG-lande gehou is, meer as verdubbel het van 31,5 persent van die totale buitelandse bates aan die einde van 1980 tot 70 persent aan die einde van 1989, terwyl die persentasie-aandeel van beleggings in al die ander geografiese gebiede dienooreenkomsdig afgeneem het. Besondere groot afnames is aangeteken in die aandeel van bates wat in Noord- en Suid-Amerika gehou is, naamlik van 28 persent aan die einde van 1980 tot 11 persent aan die einde van 1989, asook in die aandeel van Afrika, naamlik van 21 persent tot 7 persent gedurende dieselfde tydperk.

Persentasieverspreiding van buitelandse bates volgens geografiese gebied

	1980 R miljoene	Persentasie van totaal	1989 R miljoene	Persentasie van totaal
Europese Gemeenskap.....	2 679	31,5	33 909	70,2
Res van Europa.....	432	5,1	1 069	2,2
Noord- en Suid-Amerika	2 348	27,6	5 311	11,0
Afrika.....	1 794	21,1	3 549	7,4
Asië.....	387	4,6	1 016	2,1
Oseanië.....	30	0,4	29	0,1
Internasionale organisasies.....	747	8,8	3 228	6,7
Nie toegedeel nie	76	0,9	163	0,3
Totaal (uitsluitende die goudreserwes)	8 493	100,0	48 274	100,0

TABEL 1
BUITELANDSE LASTE VAN SUID-AFRIKA, 31 DESEMBER 1989
R miljoene

	EG- lande EC countries	Res van Europa Rest of Europe	Noord- en Suid-Amerika North and South America	Afrika
Regstreekse belegging				
Monetêre sektor	93	-	-	-
Langtermyn	67	-	-	-
Korttermyn	26	-	-	-
Nie-monetêre-private sektor	14 755	2 451	2 672	101
Langtermyn	12 809	2 191	2 335	55
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1 561	363	252	6
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	10 255	1 621	1 814	7
Saldo's van takke en vennootskappe	47	2	70	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	10	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	859	180	160	10
Ander	77	25	39	32
Korttermyn	1 946	260	337	46
Totale regstreekse belegging	14 848	2 451	2 672	101
Onregstreekse belegging				
Openbare owerhede	7 627	3 064	1 505	80
Langtermyn	6 121	2 877	947	60
Korttermyn	1 506	187	558	20
Openbare korporasies	6 492	2 757	8 340	44
Langtermyn	6 149	2 712	8 154	44
Korttermyn	343	45	186	-
Monetêre sektor	2 784	1 660	1 080	724
Langtermyn	-	-	-	-
Korttermyn	2 784	1 660	1 080	724
Nie-monetêre-private sektor	11 406	2 445	7 971	302
Langtermyn	4 239	1 627	3 583	157
Gewone en ander aandele, nominale waarde	97	66	58	11
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	3 263	1 269	2 045	106
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	8	6	1	10
Verbande en langtermynlenings	850	286	1 476	30
Ander	21	-	3	-
Korttermyn	7 167	818	4 388	145
Totale onregstreekse belegging	28 309	9 926	18 896	1 150
Totale belegging				
Openbare owerhede	7 627	3 064	1 505	80
Langtermyn	6 121	2 877	947	60
Korttermyn	1 506	187	558	20
Openbare korporasies	6 492	2 757	8 340	44
Langtermyn	6 149	2 712	8 154	44
Korttermyn	343	45	186	-
Monetêre sektor	2 877	1 660	1 080	724
Langtermyn	67	-	-	-
Korttermyn	2 810	1 660	1 080	724
Nie-monetêre-private sektor	26 161	4 896	10 643	403
Langtermyn	17 048	3 818	5 918	212
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1 658	429	310	17
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	13 518	2 890	3 859	113
Saldo's van takke en vennootskappe	47	2	70	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	18	6	1	10
Verbande en langtermynlenings	1 709	466	1 636	40
Ander	98	25	42	32
Korttermyn	9 113	1 078	4 725	191
Totale buitelande laste	43 157	12 377	21 568	1 251

TABLE 1
FOREIGN LIABILITIES OF SOUTH AFRICA, 31 DECEMBER 1989
R millions

Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toege-deel nie	Totaal	
Asia	Oceania	International organisations	Unallocated	Total	
Direct investment					
254	125	-	8	20 366	Monetary sector
194	121	-	2	17 707	Long-term
10	20	-	-	2 212	Short-term
105	83	-	2	13 887	Non-monetary private sector
30	-	-	-	149	Long-term
-	-	-	-	10	Ordinary and other shares, nominal value
37	11	-	-	1 257	Share premium, reserves and undistributed profit
12	7	-	-	192	Branch and partnership balances
60	4	-	6	2 659	Debentures, loan-stock and similar securities
254	125	-	8	20 459	Mortgages and long-term loans
					Other
					Short-term
Total direct investment					
Non-direct investment					
1 027	72	3 039	319	16 733	Public authorities
879	72	9	285	11 250	Long-term
148	-	3 030	34	5 483	Short-term
296	101	-	12	18 042	Public corporations
245	101	-	2	17 407	Long-term
51	-	-	10	635	Short-term
109	66	47	659	7 129	Monetary sector
-	-	-	100	100	Long-term
109	66	47	559	7 029	Short-term
1 541	41	-	353	24 059	Non-monetary private sector
263	26	-	204	10 099	Long-term
4	1	-	6	243	Ordinary and other shares, nominal value
9	21	-	115	6 828	Share premium, reserves and undistributed profit
1	1	-	1	28	Branch and partnership balances
249	3	-	82	2 976	Debentures, loan-stock and similar securities
-	-	-	-	24	Mortgages and long-term loans
1 278	15	-	149	13 960	Other
2 973	280	3 086	1 343	65 963	Short-term
Total non-direct investment					
Total investment					
1 027	72	3 039	319	16 733	Public authorities
879	72	9	285	11 250	Long-term
148	-	3 030	34	5 483	Short-term
296	101	-	12	18 042	Public corporations
245	101	-	2	17 407	Long-term
51	-	-	10	635	Short-term
109	66	47	659	7 222	Monetary sector
-	-	-	100	167	Long-term
109	66	47	559	7 055	Short-term
1 795	166	-	361	44 425	Non-monetary private sector
457	147	-	206	27 806	Long-term
14	21	-	6	2 455	Ordinary and other shares, nominal value
114	104	-	117	20 715	Share premium, reserves and undistributed profit
30	-	-	-	149	Branch and partnership balances
1	1	-	1	38	Debentures, loan-stock and similar securities
286	14	-	82	4 233	Mortgages and long-term loans
12	7	-	-	216	Other
1 338	19	-	155	16 619	Short-term
3 227	405	3 086	1 351	86 422	Total foreign liabilities

TABEL 2
BUITELANDSE BATES VAN SUID-AFRIKA, 31 DESEMBER 1989
R miljoene

	EG- lande EC countries	Res van Europa Rest of Europe	Noord- en Suid-Amerika North and South America	Afrika
Regstreekse belegging				
Monetäre sektor.....	153	3	103	-
Langtermyn.....	151	3	103	-
Korttermyn.....	2	-	-	-
Nie-monetäre-private sektor.....	30 826	61	398	1 747
Langtermyn.....	30 596	17	286	1 338
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1 448	3	14	249
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	28 703	12	234	1 038
Saldo's van takke en vennootskappe.....	6	1	-	11
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	3	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	436	1	38	6
Ander.....	-	-	-	34
Korttermyn.....	230	44	112	409
Totale regstreekse belegging	30 979	64	501	1 747
Onregstreekse belegging				
Openbare owerhede.....	37	2	31	170
Langtermyn.....	-	-	5	49
Korttermyn.....	37	2	26	121
Openbare korporasies.....	178	22	198	135
Langtermyn.....	32	-	54	106
Korttermyn.....	146	22	144	29
Monetäre sektor.....	813	208	2 579	391
Langtermyn.....	52	1	-	328
Korttermyn.....	761	207	2 579	63
Goudreserwes.....	-	-	-	-
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-
Nie-monetäre-private sektor.....	1 902	773	2 002	1 106
Langtermyn.....	303	40	456	213
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	11	-	40	7
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	163	2	380	64
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	10	1	-	76
Verbande en langtermynlenings.....	114	37	36	26
Ander.....	5	-	-	40
Korttermyn.....	1 599	733	1 546	893
Totale onregstreekse belegging	2 930	1 005	4 810	1 802
Totale belegging				
Openbare owerhede.....	37	2	31	170
Langtermyn.....	-	-	5	49
Korttermyn.....	37	2	26	121
Openbare korporasies.....	178	22	198	135
Langtermyn.....	32	-	54	106
Korttermyn.....	146	22	144	29
Monetäre sektor.....	966	211	2 682	391
Langtermyn.....	203	4	103	328
Korttermyn.....	763	207	2 579	63
Goudreserwes.....	-	-	-	-
Spesiale trekkingsregte.....	-	-	-	-
Nie-monetäre-private sektor.....	32 728	834	2 400	2 853
Langtermyn.....	30 899	57	742	1 551
Gewone en ander aandele, nominale waarde.....	1 459	3	54	256
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	28 866	14	614	1 102
Saldo's van takke en vennootskappe.....	6	1	-	11
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.....	13	1	-	76
Verbande en langtermynlenings.....	550	38	74	32
Ander.....	5	-	-	74
Korttermyn.....	1 829	777	1 658	1 302
Totale buitelandse bates	33 909	1 069	5 311	3 549

TABLE 2
FOREIGN ASSETS OF SOUTH AFRICA, 31 DECEMBER 1989
R millions

Asië	Oseanië	Internasionale organisasies	Nie toegedoele nie	Totaal	
Asia	Oceania	International organisations	Unallocated	Total	
Direct investment					
33	-	-	-	292	Monetary sector
33	-	-	-	290	Long-term
-	-	-	-	2	Short-term
15	-7	-	-	33 040	Non-monetary private sector
6	-7	-	-	32 236	Long-term
2	1	-	-	1 717	Ordinary and other shares, nominal value
4	-8	-	-	29 983	Share premium, reserves and undistributed profit
-	-	-	-	18	Branch and partnership balances
-	-	-	-	3	Debentures, loan-stock and similar securities
-	-	-	-	481	Mortgages and long-term loans
-	-	-	-	34	Other
9	-	-	-	804	Short-term
48	-7	-	-	33 332	Total direct investment
Non-direct investment					
5	-	3 225	11	3 481	Public authorities
-	-	3 225	-	3 279	Long-term
5	-	-	11	202	Short-term
258	-	-	-	791	Public corporations
45	-	-	-	237	Long-term
213	-	-	-	554	Short-term
377	6	3	2 937	7 314	Monetary sector
339	-	-	4	724	Long-term
